**Woensdag 30 Maart**

**Skrifgedeelte: Romeine 7:7-25**
**Fokusgedeelte: Romeine 7:24, 25a**

## God maak jou van die sondige doodsbestaan vry

Saam met Paulus (vs 24) is ons oor ons natuurlike sondige geaardheid diep ontsteld. Soveel so dat ons saam met hom uitroep: “Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?” Dit is ’n intense stryd. Die eie-ek is so geneig om die slegte te dink, te begeer, te sê en te doen.

Die genade is: Jy raak nie moedeloos nie. Wanneer dit voel asof jy in jou ellende wil wegsink, doen wat Paulus gedoen het. Moenie by jou uitroep oor jou ellende vashaak nie. Besef jy is eers halfpad as jy besef hoe sleg jy is. Gaan verder – en dank God (vs 25a). In en deur Jesus Christus ons Here het Hy ons van hierdie doodsbestaan vrygemaak.

Ons enigste troos in ons ellende is ons verlossing. In Christus se verlossing het die sonde die houvas oor ons verloor. Deur die wet leer ons ons ellende ken. Die sondebesef word deur die wet wakker gemaak en ontmasker. Ons WIL graag ons lewens as lewende en heilige offers aan God gee (Rom. 12:1, 2).

Hierdie stryd teen die sondige eie-WIL sal aanhou totdat jy jou laaste asem uitblaas. Laat toe dat die Heilige Gees jou gedagtes nuutmaak. Hy lê beslag op jou wil. Dan sal jy meer en meer onderskei wat die WIL van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is (Rom. 12:2).

Jy lewe vanuit ’n nuwe lewensbeginsel wat nie net jou denke en gedrag bepaal nie. Jou hele lewe is op God en sy heilige wil gerig.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*